**VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Appèl Nr. : A180/2008

In die appèl tussen:-

**T P MPHOSI** Appellant

en

**S NHLAPO** Respondent

---

**CORAM:** JORDAAN, R *et* LEKALE, WND R

---

**AANGEHOOR OP:** 7 SEPTEMBER 2009

---

**UITSPRAAK DEUR:** JORDAAN, R

---

**GELEWER OP:** 17 SEPTEMBER 2009

---

[1] Die appellant, as eiser, het dagvaarding uitgereik teen die respondent, as verweerder, vir skade veroorsaak aan die appellant se voertuig tydens 'n motorbotsing, beweerdelik veroorsaak deur die nalatigheid van die respondent, as verweerder. Die aanvanklike dagvaarding was vir die bedrag van R12 446,35 welke bedrag BTW insluit en gegrond op 'n kwotasie van A & B Paneelkloppers. Daar is ook deur die appellant se prokureur, in terme van Landdroshofreël 24(9),

kennis gegee dat ene mev. Van der Merwe sal getuig omtrent die betrokke kwotasie wat deur haar man in haar teenwoordigheid saamgestel is en wie intussen klaarblyklik oorlede is.

[2] By die aanvang van die verhoor het die partye aanvanklik ooreengekom dat slegs die nalatigheidsaspek eers bereg moet word en het dit dan ook so geskied waarna die verhoorhof bevind het dat die verweerder wel aanspreeklik is vir eiser se skade. Na voormelde bevinding het appellant, as eiser, sy eis gewysig deur die gevorderde bedrag te vervang met ‘n bedrag van R26 365,96 gegrond op ‘n kwotasie verskaf deur ene Louis Panel Beater. Na voormelde wysiging toegestaan is, het die partye voortgegaan met ‘n verhoor ten opsigte van die eiser se skade.

[3] Ten opsigte van laasgenoemde aspek was die eerste getuie, namens die appellant, ene mnr. L. Hendriks, die eienaar van Louis Panel Beaters. Hy het getuig dat hy die betrokke kwotasie aan die appellant verskaf het, dat hy die voertuig vir daardie bedrag reggemaak het en dat die appellant hom die volle bedrag betaal het by wyse van afbetalings. Hy het ook

getuig dat die gevorderde bedrag redelik en billik is, synde die redelike en noodsaaklike herstelkoste ten opsigte van die appellant se voertuig. Hy het onder andere getuig dat hy sommige onderdele nuut en sommige tweedehands gekoop het, soos onder andere onderdele soos matte vir die binnekant, windskerms en ook herstelwerk gedoen het aan die ratkas. Voormelde drie items kom natuurlik nie op die kwotasie voor nie.

[4] In hoofverhoor is ‘n kwotasie van Industria Paneelkloppers aan hom getoon en het hy bevestig dat dit ten opsigte van dieselfde voertuig is, maar vir ‘n totale bedrag van R30 057,19. Volgens hom was laasgenoemde kwotasie ongeveer R4 000,00 hoër as sy kwotasie en is sy kwotasie derhalwe billikker. Hy is ook ‘n kwotasie van A & B Paneelkloppers, hierin tevore na verwys, getoon en het aangedui dat daardie kwotasie heeltemal onvoldoende is, aangesien daar verskeie items nodig was wat nie op die kwotasie voorkom nie. Volgens hom sou die voertuig nie vir daardie bedrag van ietwat meer as R12 000,00 herstel kon word nie. Dit dien vermeld te word dat die getuie homself kwalifiseer het as ‘n ervare paneelklopper met meer as 17

jaar ervaring en met kennis van die redelikheid, al dan nie, van die koste van herstelwerk en onderdele.

[5] In kruisverhoor is die getuie weereens gekonfronteer met die kwotasie van Industria Paneelkloppers en was hy aanvanklik van mening dat sy kwotasie goedkoper is as laasgenoemde kwotasie, aangesien hy onderdele goedkoper kon verkry as daardie kwotasie. Later was hy genoodsaak om toe te gee dat die enigste verskil tussen die twee kwotasies is die feit dat die kwotasie van Industria Paneelkloppers BTW byvoeg terwyl sy kwotasie nie BTW bevat nie. Die totale bedrag van die twee kwotasies, voor BTW, is identies dieselfde. Indien die twee kwotasies egter vergelyk word, blyk dit dat die getuie se kwotasie nie ‘n bedrag van R3 600,00 vir die verf van die voertuig bevat nie, alhoewel sy totale bedrag steeds dieselfde is as die bedrag van Industria Paneelkloppers. Na kruisverhoor oor hierdie aspekte, was die getuie genoop om toe te gee dat hy ‘n soort van ‘n “cover quote” gegee het wat benodig word vir doeleindes van versekeringseise. Volgens hom moet sodanige tweede of dekkingskwotasie ten minste min of meer ooreenkom met die ander kwotasie vir doeleindes van versekeringseise.

[6] Indien die twee kwotasies vergelyk word, is dit oorweldigend duidelik dat die kwotasie van Industria Paneelkloppers (wat daarvolgens gegee is op 8 Desember 2003 om 8:19 vm) en die kwotasie gegee deur die betrokke getuie op dieselfde datum om 14:00 bykans woordeliks en tot die laaste sent ooreenkom. Die afleiding is onvermydelik dat die kwotasie van Industria Paneelkloppers bloot oorgeskryf is deur die betrokke getuie, met behoud van dieselfde totale bedrae, maar met 'n paar weglatings in die samestelling daarvan wat dui op 'n foutiewe oorskryf van die betrokke kwotasie. Onder andere, is in die kwotasie van die getuie nagelaat om die item "Supply and Fit right rear fender moulding" in te sluit, alhoewel die bedrae in die kolom vir onderdele oftewel "parte" net so ondermekaar neergeskryf is, wat tot gevolg het dat die een item waarvoor die getuie kwoteer het, naamlik "Remove & Refit rear light glass" 'n bedrag van R850,00 bevat as onderdeelprys, terwyl in die Industria Paneelkloppers kwotasie geen bedrag as onderdeel daar voorkom nie, maar bloot die bedrag van die arbeid. Dit is duidelik dat die afhaal en terugplaas van 'n onderdeel sekerlik nie koste van 'n onderdeel sou meebring nie. Die totale arbeidsbedrag op die twee kwotasies beloop R7

970,00 ongeag die feit dat die betrokke getuie nagelaat het om die bedrag van R3 600,00 vir verfwerk in sy kwotasie aan te bring, sodat die totaal van arbeid soos hy dit afgeskryf het, nie korrek is nie. Hy het dit in getuienis probeer verduidelik deur te sê dat hy besluit het om nié die appellant enige vergoeding vir die verfwerk te vra nie. Dit blyk egter dat hy eers later, terwyl hy besig was om die voertuig te herstel, so besluit het en nie op die stadium toe die kwotasie gegee is nie. Die enigste redelike afleiding is dat die betrokke getuie klaarblyklik nie die voertuig besigtig het toe hy die beweerde kwotasie gegee het nie, maar bloot die kwotasie van Industria Paneelkloppers oorgeskryf het.

[7] Uit die getuienis is dit ook duidelik dat sy aanvanklike getuienis tot die effek dat die volle bedrag van sy kwotasie deur die appellant aan hom betaal is, nie korrek is nie, aangesien die R3 600,00 ten opsigte van verfwerk nie deur die appellant betaal is nie. Hy het toe aangedui dat daardie bedrag afgetrek moet word van die totale bedrag van die kwotasie. Soos hierbo aangedui, is dit nie die enigste verskil nie en is daar onder andere ‘n bedrag van R850,00 as onderdele kwoteer vir ‘n onderdeel wat bloot afgehaal en

teruggesit is en derhalwe natuurlik ook nie betaalbaar behoort te wees nie.

[8] Alles inaggenome, is dit duidelik dat die getuie Hendriks ‘n uiters swak en selfs leuenagtige getuie was, op wie se getuienis weinig peil getrek kan word. Die appellant self het egter ook getuig ten opsigte van sy skade. Volgens hom het hy aanvanklik aan die getuie Hendriks ‘n bedrag van R7 000,00 betaal en daarna van tyd tot tyd, soos wat hy versoek was, bedrae van R1 000,00 per maand betaal en op een stadium ‘n bedrag van R5 000,00. Hy is egter nie seker hoeveel hy in totaal betaal het nie en is hoegenaamd nie in staat om aan te dui hoeveel hy in totaal betaal het en presies waarvoor dit betaal is nie.

[9] Die verweerder of respondent het sy saak gesluit, sonder om enige getuienis aan te bied, waarna die verhoorhof bevind het dat hy op die aangebode getuienis nie in staat was om die eiser se skade te bepaal nie en het hy derhalwe absolusie van die instansie verleen met koste ten gunste van die respondent of verweerder. Dit is teen laasgenoemde bevinding en bevel wat die appellant in hoër beroep kom.

[10] Aangesien die appellant nie binne die neergelegde tydperke die appèl voortgesit het nie, is gelyktydig met die aanhoor van die appèl ook 'n aansoek om kondonasie aangehoor en beredeneer. Beide advokate was dit eens dat, indien bevind word dat die appellant nie suksesvol behoort te wees op die meriete van die appèl nie, die aansoek om kondonasie derhalwe geweier moet word weens 'n gebrek aan redelike vooruitsigte op sukses in die appèl sover dit die meriete betref.

[11] Mnr. Reinders, namens die appellant, het aangevoer dat, alhoewel daar gebreke in die getuienis van Hendriks was en daar derhalwe gebreke was in die getuienis met betrekking tot die omvang van skade in totaal, die verhoorhof fouteer het deur nié op sterkte van die beginsels neergelê in **ESSO STANDARD SA (PTY) LTD v KATZ** 1981 (1) SA 964 (A) te 969 H – 970 H op die beskikbare getuienis die beste te doen en 'n bedrag aan die appellant, as eiser, toe te ken nie. Hy het aangevoer dat dit duidelik is dat die appellant skade gely het, soos blyk uit die foto's wat tydens die verhoor as bewysstukke ingehandig is en aangesien reeds bevind is dat die respondent aanspreeklik is vir sodanige skade, die hof

moes bevind dat die appellant die beste getuienis omtrent sy skade aangebied het en op grond van daardie getuienis ‘n beraming moes maak.

[12] In voormelde beslissing te bladsy 970 G en verder word verwys na die beslissing van **MKWANAZI v VAN DER MERWE AND ANOTHER** 1970 (1) SA 609 (A) en dan die volgende gesê:

> “The critical question then is whether the plaintiff, having successfully proved that he has suffered damage through loss of petrol and that that damage was caused by the defendant, has produced all the evidence that he could reasonably have produced to enable the Court to assess the *quantum* of damage.”

[13] Met verwysing na voormelde aangehaalde voorbehoud, word in die voormelde beslissing van **MKWANAZI** te bladsy 632 B die volgende vermeld:

> “Die rede vir so 'n voorbehoud is dan ook ooglopend. Word 'n hof onder 'n verpligting gestel om te poog om op die grondslag van onvolledige getuienis 'n berekening van skade te maak in

> die geval waar daar inderdaad afdoende of dan wel vollediger getuienis van skade beskikbaar is, kan dit *ex post facto* blyk dat die hof se berekenings nie met die werklikhede strook nie en 'n onreg kan maklik die een of die ander van die partye aangedoen word. Word die weerhouding van beskikbare getuienis ten opsigte van skade eenmaal deur die howe op dié wyse geoorloof kan dit maklik gebeur dat 'n party doelbewus getuienis weerhou in die hoop dat die hof se skadeberekening meer in sy guns sal uitval as wat die geval sou gewees het, indien hy die beskikbare getuienis wel voor die hof geplaas het. Die alreeds moeilike taak wat op 'n hof berus in verband met skadebepaling sou daardeur oneindig moeiliker gemaak kon word, en die faktore wat meewerk tot die skep van onsekerheid by sodanige bepaling sou vermenigvuldig word."

[14] Die vraag is derhalwe of die appellant al die getuienis wat redelikerwys beskikbaar was vir bewys van sy skade, aangebied het. Op die oog af is die beste getuie vir 'n geval soos hierdie sekerlik die persoon wat nie alleen die kwotasie gegee het nie, maar dan ook inderdaad die herstelwerk verrig het. In die onderhawige geval egter, is dit duidelik dat die getuie Hendriks nié 'n onafhanklike kwotasie verskaf het nie en bloot 'n bestaande kwotasie van 'n ander paneelkloppersbesigheid oorgeskryf het en dan nog

verkeerdelik so. Hy het nie eers gepoog om enige uiteensetting te gee van die koste van die onderdele wat hy self aangekoop het of die redelikheid van die bedrae ten opsigte van die herstelwerk wat hy gedoen het anders as om na die kwotasie te verwys wat, soos reeds vermeld, bloot 'n oorgeskrewe kwotasie is en nie uit sy eie hand of navorsingswerk gegenereer is nie. Sy getuienis daaromtrent is in verskeie opsigte as leuenagtig bewys en op die minste onbetroubaar. Alhoewel aanvaar kan word dat die getuie Van der Merwe van A & B Paneelkloppers waarskynlik oorlede is en nie as getuie beskikbaar was nie, is daar geen aanduiding dat daar nie 'n getuie van Industria Paneelkloppers, wat die oorspronklike kwotasie gedoen het, beskikbaar was om oor die redelikheid daarvan te getuig nie. Die prokureur vir die appellant moes na die getuienis van Hendriks en veral nadat die getuienis van die eiser klaarblyklik nie die saak verder kon voer nie, terdeë daarvan bewus gewees het dat die getuienis wat aangebied is van so 'n swak gehalte is dat dit nodig was om, indien nodig, 'n uitstel te versoek ten einde die getuienis van die deskundige verbonde aan Industria Paneelkloppers aan te bied. Die prokureur het verkies om dit nie te doen nie en bloot sy saak

gesluit.

[15] Myns insiens kan nie bevind word dat die appellant al die getuienis wat redelikerwys aan hom beskikbaar was voor die hof geplaas het, ten einde die hof in staat te stel om ‘n berekening te doen nie. Wat meer is, die getuienis aangebied, is van so ‘n onbetroubare en leuenagtige aard dat geen redelike hof wat versigtig handel op sterkte daarvan ‘n bedrag van skadevergoeding kan bereken en toeken nie. Die bevel van absolusie van die instansie, soos deur die verhoorhof verleen, was derhalwe inderdaad die korrekte bevel.

[16] In lig van die voorgaande is daar geen vooruitsigte op sukses wat die meriete betref nie en kan die kondonasie-aansoek derhalwe nie slaag nie.

[17] Bygevolg word die aansoek om kondonasie afgewys met koste en die appèl van die rol geskrap met koste.

**A.F. JORDAAN**

**L.J. LEKALE, WND R**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Adv. S.J. Reinders<br>In opdrag van:<br>Rosendorff Reitz Barry<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | P.J.T. De Wet<br>In opdrag van:<br>Naudes<br>BLOEMFONTEIN |

/sp